# *Baanbrekers*

## C.G.S. de Villiers: Wetenskaplike en kultuurmens

J.M. de Kock en C. De Kock
Departement Soölogie, Universiteit van Stellenbosch

J.C. De Kock
Departement Didaktiek, Universiteit van Stellenbosch



C.G.S. de Villiers
(Foto: Die Burger 20/12/1977)

### INLEIDING

Professor C.G.S. de Villiers wat by almal bekend gestaan het as "Dr. Con", was vir sewe en dertig jaar professor in soölogie aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy was 'n besonderse persoon en het 'n vormende invloed uitgeoefen op baie studente, veral op sy soölogiestudente. Gedurende sy leeftyd was hy een van die bekendste persoonlikhede aan die Universiteit. Hy sal deur baie oudstudente onthou word vir sy lewensvreugde, aardse humor, buitengewone musiekkennis, kennis van wêreldletterkunde en vir sy mensekennis. Op sy vakgebied was hy wêreldbekend.

Hy het 'n belangrike rol in die musieklewe op Stellenbosch gespeel. Die jaarlikse studentesangfees het in 1945 hoofsaaklik deur sy toedoen tot stand gekom. Talle van sy verwerkings en vertalings van operakore, gewyde musiek en volksliedjies is vir jare deur studentekore opgevoer.

Lank voordat die Universiteit 'n Dramadepartement gehad het, het Dr. Con dramas uit Noorweegs, Italiaans en Duits in Afrikaans vertaal en opgevoer. Hy het letterlik vir alles gesorg: van die regie tot die grimering. Die welbekende Anna Neethling-Pohl het in 1926 as jong toneelspeelster onder sy regie begin optree.

As skrywer en vertaler het hy die Afrikaanse letterkunde verryk. Hy het 'n buitengewone taalaanleg gehad. Naas Afrikaans en Engels, het hy gemaklik gekommunikeer in Duits (ook Switserse Duits), Italiaans en Noorweegs. Hy het 'n goeie kennis van Frans gehad en kon homself ook in Spaans help.

Na sy aftrede het hy genealogiese navorsing oor die Swart- en De Villiers-families gedoen en daardeur 'n groot bydra tot die Suid-Afrikaanse genealogie gemaak. In 1964 was hy 'n stigterslid van die Suid-Afrikaanse Genealogiese Vereniging.

#### Biografiese oorsig

Cornelius Gerhardus Stephanus de Villiers is op 16 Desember 1894 op die plaas Dunghye Park in die Caledon-distrik gebore. Hy het as laatlam tussen oumense grootgeword en was van kleins af nuuskierig en weetgierig. Voordat hy op agtjarige ouderdom skool toe gegaan het, kon hy reeds lees, skryf en Engels praat. Sy laerskoolopleiding het hy by die plaaskool Solitaire ontvang. Hy het hierdie plaasskoolervaring as 'n belangrike vormende element in sy lewe beskou. Na Solitaire is hy na die hoërskool op Caledon waar hy in 1911 matriek geslaag het.

Van 1912 het hy aan die destydse Victoria College op Stellenbosch gestudeer. Gedurende die eerste jaar het hy die verpligte Intermediate-kursus met Latyn en wiskunde gevolg. Die volgende jaar kon hy met die eertydse B.A. begin. Soölogie was aanvanklik nie een van sy vakke nie. Op aanbeveling van 'n vriend het hy 'n soölogielesing bygewoon omdat hy nie veel van die geskiedenisklasse gehou het nie. Hy het besluit om na soölogie oor te skakel. Hierdie omskakeling het hy as 'n belangrike omwenteling in sy lewe beskou. Professor E.J. Goddard wat van 1911 tot 1922 professor in soölogie aan die Universiteit van Stellenbosch was, het 'n groot invloed op hom gehad. In 1914 het hy 'n B.A.-graad in soölogie met onderskeiding verwerf en in 1916 'n M.A.-graad in dieselfde vakgebied met 'n studiestuk oor die Coelenterata.

In 1916 het hy 'n aanstelling aan die destydse Transvaal Universiteitskollege in Pretoria aanvaar waar hy 'n onafhanklike Dierkunde-afdeling gevestig het.

Dr. Con het in 1919 na Europa vertrek om vir 'n doktorsgraad in soölogie aan die Universiteit van Zürich te studeer. Die ryk toneel-en musieklewe was vir hom 'n belewenis. Gedurende vakansies het hy deur Switserland en veral Italië en Duitsland gereis. In 1922 het hy gepromoveer met 'n proefskrif oor die bou en ontwikkeling van die borsskouerapparaat by sekere Anura.

Met sy terugkeer na Suid-Afrika in 1922 het hy aanvanklik aan die Universiteit van Stellenbosch waargeneem in die plek van 'n kollega wat met studieverlof was. Vroeg in 1923 is hy as professor in soölogie aangestel. Hierdie betrekking het hy met groot onderskeiding beklee tot sy aftrede in Desember 1959.

Na sy aftrede het Dr. Con op Stellenbosch bly woon en weer by twee geleenthede vir kollegas waargeneem. In die tussentyd het hy hom met skryfwerk en genealogiese navorsing besig gehou.

Dr. Con is op 25 November 1978 aan 'n hartaanval oorlede en op Stellenbosch begrawe.

#### Dosent

Sy oudstudente sal Dr. Con altyd onthou vir die besondere aanbieding van sy vak. Sy individualisme het in sy voorlesings tot uiting gekom. Hy het nooit 'n vooraf gestruktureerde lesing gelewer nie, maar hom laat lei deur die reaksie van die studente. Hy het die klas nooit toegegooi met 'n klomp feite nie, maar enkele belangrike stellings gemaak en op grond daarvan vrae gevra. Sy hele benadering was om studente in terme van hulle

vak te leer dink. ’n Student kon dus nooit in sy lesings onbetrokke of passief wees nie. Wanneer sy vrae nie die nodige reaksie uitgelok het nie, het hy die studente van intellektuele luiheid beskuldig. Hy het studente geleer om krities te dink.

’n Belangrike aspek van Dr. Con se opleiding van studente het gegaan om die bevraagtekening van feite en stellings. Hy het telkens gewaarsku teen die “tirannie van die geskrewe woord”. As iets eers swart op wit staan, word dit maklik aanvaar as waar en korrek. Juis daarom het hy altyd gesê ’n bepaalde struktuur of objek lyk nie noodwendig soos die figuur in die handboek nie, maar soos dit werklik in die hand of onder die mikroskoop lyk. Biologiese materiaal is plasties. Sy vermaning aan studente was dat hul denke so plasties soos die materiaal behoort te wees.

As dosent het hy gereeld gewaarsku teen dit wat hy as “roomafskep” bestempel het; dit wil sê navorsing wat geen diepte het nie en wat nie tot ware sintese kan lei nie. Volgens hom moes navorsing in diepte onderneem word, want daarsonder kon geen sinvolle gevolgtrekkings of afleidings gemaak word nie. Hy het sy studente geleer om krities te oordeel en nie sommer elke nuwe teorie aan te hang nie.

Dr. Con was meester van die sitaat en in sy lesings het hy dikwels uit die werke van groot skrywers, veral Goethe, aangehaal om ’n bepaalde punt te illustreer of om stukrag aan ’n argument te gee. Op hierdie wyse het hy aan sy studente meer as net vakkennis oorgedra.

**Navorser en promotor**

Met die agtergrond van sy studie in Zürich het hy begin om die Departement Soölogie tot ’n sterk skool in die vergelykende anatomie en embriologie uit te bou. Hy het met sy eie navorsing die voortou geneem en reeds in 1924 is sy eerste artikel gepubliseer. Dit was die begin van ’n geleidelike stroom van navorsingspublikasies in Afrikaans, Engels en Duits wat tot in die veertigerjare uit sy pen gevloei het (sien die meegaande lys).

Net so belangrik as sy eie navorsing was sy bydra tot die uitbouing van die departement as navorsinsinstituut vir vergelykende anatomie. Hy het ’n groot bydrae gelewer tot die vestiging van ’n baie volledige departementele biblioteek oor hierdie studierigting. Hy het belangrike vaktydskrifte laat aankoop en tydens Europese besoeke rare en algemeen onverkrygbare literatuur in antikwariate opgespoor en aangekoop. Deur middel van korrespondensie met buitelandse kollegas het hy ’n groot en verteenwoordigende biblioteek opgebou. Die Departement Soölogie se biblioteek oor vergelykende anatomie is deur verskeie buitelandse besoekers bestempel as van die beste en volledigste waarmee hulle kennis gemaak het.

As studieleier vir meesters- en doktorsgraadstudente het Dr. Con ’n groot rol gespeel in die opleiding van soöloë wat op verskillende terreine belangrike werk sou verrig, as universiteitsdosente en navorsers en ook op die gebiede van natuurbewaring, paleontologie, die museumwese en visserye. ’n Hele aantal M.Sc.-studente en veertien doktorsgraadstudente het onder sy bekwame leiding gepromoveer. As promotor het hy nie dikwels met sy studente ingemeng nie, maar nogtans goed geweet hoe die betrokke student gevorder het. Hy sou op ’n bepaalde dag by die laboratorium inloer, verneem waarmee die student besig was, kritiese vrae vra en tersaaklike literatuur aanbeveel. As ’n student egter ’n probleem ondervind het, was hy altyd beskikbaar vir hulp en advies. Hy sou nooit direkte hulp verskaf nie, maar eerder die nodige leiding gee om ’n probleem op te los. Weens sy besondere taalkennis was hy as promotor egter baie gesteld op korrekte taalgebruik. Hy het altyd gesê, ’n wetenskaplike wat nie die taal kan hanteer nie, is nie ’n goeie wetenskaplike nie.

In Zürich het Dr. Con ’n kursus in fisiese antropologie by professor Otto Schlaginhaufen bygewoon. Hy het later sy kollega, dr. Coert Grobbelaar met die antropometriese tegnieke wat hy daar geleer het vertroud gemaak. Dit het daartoe gelei dat Dr. Grobbelaar belangrike navorsing oor die groei en fisieke status van wit Suid-Afrikaans mans en vrouens gedoen het .

**Niewetenskaplike bydraes**

Alhoewel Dr. Con ’n soöloog was wat op sy vakgebied wêreldbekendheid verwerf het, moet daar kortliks verwys word na sy bydraes op ander gebiede. Behalwe vir sy groot invloed op die kulturele lewe van Stellenbosch, het hy ook deur sy skryf- en vertaalwerk wye bekendheid verwef.

Ten spyte van die feit dat hy fiksie geskryf het, het Dr. Con homself beskou as ’n verteller van stories, eerder as ’n skrywer. Kort na sy aanstelling op Stellenbosch het hy begin om sketse en artikels vir *Die Huisgenoot* te skryf. Hy was vir ongeveer veertig jaar ’n medewerker van hierdie tydskrif. Van sy artikels en sketse het ook in ander Afrikaanse tydskrifte verskyn. Sy prosa is kontreikuns en handel oor sy geliefde Overberg waar hy grootgeword het en wat hy as sy “Klein Vaderland ” beskryf het. Sewe bundels het uiteindelik uit sy pen verskyn. Baie van sy werk is deur die jare deur samestellers in kortverhaal- en essaybundels opgeneem.

As vertaler het Dr. Con ’n groot bydrae gelewer tot die bevordering van die prosakuns in Suid-Afrika. Hy het die Afrikaanse letterkunde verryk met vertalings uit die werk van vooraanstaande skrywers uit Europa. Vertalings van kortverhale uit Deens, Noorweegs en Italiaans is van 1926 tot 1946 in *Die Huisgenoot* gepubliseer. Nog vertalings van kortverhale uit Deens, Sweeds en Noorweegs is in 1931 in ’n bundel saamgevoeg onder die titel *Die Kortverhaal in Skandinawië*. Hierbenewens het hy ook twee Noorweegse kinderboeke in Afrikaans vertaal. Romans van Nobelpryswenners, soos Knut Hamsun en Gracia Deledda is onderskeidelik uit Noorweegs en Italiaans deur hom vertaal. Hy is dan ook in 1953 vereer vir sy vertaling van *Elias Portolu* van Deledda deur die toekenning van die Prys vir vertaling deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Dramas wat hy in Afrikaans vertaal en opgevoer het, sluit in werke van Ibsen uit Noorweegs, Pirandello uit Italiaans en Gerhart Hauptmann en Ludwig Thoma uit Duits. Ongelukkig is slegs *Rosmersholm* van Ibsen gepubliseer.

Dr. Con het ’n groot bydrae tot die musieklewe op Stellenbosch gelewer. By talle studente het hy ’n kennis van en liefde vir musiek gekweek deur sy lesings oor musiek. Tydens die lesings het hy uit sy groot plateversameling werke voorgespeel. Studente het oor baie jare gereeld op Sondagmiddae by hom na musiek gaan luister.

Hierbenewens het hy ’n groot bydrae tot die volksliedere in Afrikaans gelewer met sy vertalings van bekende Europese volksliedere in Afrikaans. Van hierdie vertalings uit Tjeggies, Frans, Italiaans en Duits is in die FAK-volksangbundel opgeneem.

Dr. Con het groot werke soos Haydn se *Skepping,* Bach se *Mattheus-passie* en Handel se *Messias* in Afrikaans vertaal. Hy het ook Bellini se opera *Norma* en Donizetti se opera *Rita* onderskeidelik vir die destydse Transvaalse en Kaapse Rade van Uitvoerende Kunste uit Italiaans vertaal.

Dr. Con het op die gebied van kerkmusiek ’n noemenswaardige bydrae gelewer. Hy het verskeie artikels oor die herkoms en die ontstaan van ons psalms en gesange geskryf. In die jongste gesangeboek wat in 1978 in gebruik geneem is, is enkele versreëls van Dr. Con opgeneem, naamlik in Gesange 142 en 201. Die

Afrikaanse kersliedereskat is verryk deur sy aangrypende vertaling van die komponis Adolphe Adam se kerslied , "Met middernag keer feestelik weer die stonde .…" Sy vertalings van 'n Italiaanse kerslied en 'n kerklied van die Franse komponis Hector Berlioz is ook in die FAK-sangbundel opgeneem.

**Gasdosent in die buiteland**

In 1934 is Dr. Con na Rome om aan die nuwe Citta Universitaria, wat pas in opdrag van Mussolini voltooi is, as gasdosent op te tree. Terwyl hy in Rome was, het hy 'n uitnodiging van die *Carnegie Corporation for International Peace* ontvang om as gasdosent verskeie Amerikaanse universiteite te besoek. Die universiteite wat hy uit eie keuse besoek het, was die van Nieu-Meksiko, Oregon, Kalifornië (Los Angeles) asook Harvard. Uit die bedankingsbriewe wat deur die onderskeie universiteite aan die *Carnegie Corporation* geskryf is, blyk dit dat hulle 'n hoë dunk van hom gehad het en baie beïndruk was met sy optredes.

Na sy terugkeer uit Amerika is hy eers weer Rome toe. Daarna is hy gedurende 1935 as besoekende dosent na die Universiteite van Göttingen, Leipzig, München en Breslau in Duitsland.

**Erkenning**

Dr. Con het gedurende sy lewe wye erkenning vir sy prestasies gekry. Die Koninklijke Vlaamse Akademie voor Wetenschappen, Letteren en Schone Kunsten in België het in 1939 lidmaatskap aan hom toegeken. Hy het in 1947 erelidmaatskap van die Akademie van Ferrara in Italië gekry. In 1937 het die Suid-Afrikaanse Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap hom met hul hoogste toekenning, die SA Medalje vereer. Die Havengaprys vir Biologie is in 1948 deur die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom toegeken en in 1967 het hy erelid van die Akademie geword.

Dr. Con is by 'n paar geleenthede gehuldig. In 1964 is hy gehuldig met 'n dramaproduksie op Stellenbosch toe sy vertaling van Pirandello se *La vita che ti diedi / Die lewe wat ek jou gegee het* opgevoer is. In 1967 het die Rapportryerskorps van Caledon hom op sy geboortedorp met 'n huldigingsaand vereer. Dieselfde jaar het die Universiteit van Stellenbosch 'n eredoktorsgraad aan hom toegeken. In 1981 het die Universiteit hom nogeens vereer deur die groot lesingsaal in die J.C. Smutsgebou vir Biologiese Wetenskappe na hom te vernoem.

**Afsluiting**

As daar teruggekyk word na die lewe van C. G. S. de Villiers kan hy met reg bestempel word as een van die mees veelsydige en begaafde Suid-Afrikaners van sy tyd. In 1969 toe Dr. Con erelid van die Akademie geword het, het die skryfster, Audrey Blignault, in haar huldigingsrede die volgende gesê: "Prof. De Villiers het 'n besielende voorbeeld gebly van die egte Renaissance-gees vir wie die hele gebied van kennis steeds 'n uitdaging bly". Met sy dood het die opskrif van *Die Burger* by die huldigingsartikel soos volg gelui: " Con de Villiers, die universele mens".

Vir diegene wat hom persoonlik geken het, sal sy uniekheid, sy humor, sy lewensdrif, sy opregte belangstelling in sy medemens, sy verstommende kennis en sy veelsydigheid hulle altyd bybly. Om hom te ken was 'n voorreg.

**Dr. Con se natuurwetenskaplike artikels, in besonder oor die soölogie**

1922 Neue Beobachtungen über den Bau und die Entwicklung des Brustschulterapparates bei den Anuren, insbesondere bei *Bombinator* (Acta Zoologica, 3:153).

1924 On the anatomy of the breast-shoulder apparatus of *Xenopus* (Annals of the Transvaal Museum, 10:197).

1925 On the development of the epipubis of *Xenopus* (Annals of the Transvaal Museum, 11:129).

1925 Nuwe navorsing oor die borsskouerappraat van die *Anura* (South African Journal of Science, 22:226).

1926 Some aspects of the morphology and ontogeny of the skeletogenous strata (South African Journal of Science, 23:63).

1929 Some observations on the breeding habits of the *Anura* of the Stellenbosch Flats, in particular of *Cacosternum capense* and *Bufo angusticeps* (Annals of the Transvaal Museum, 13:123).

1929 The comparative anatomy of the breast-shoulder apparatus of the three Aglossal Anuran genera: *Xenopus, Pipa* and *Hymenochirus* (Annals of the Transvaal Museum, 13:37).

1929 Some features of the early development of *Breviceps* (Annals of the Transvaal Museum, 13:141).

1929 The development of a species of *Arthroleptella* from Jonkershoek, Stellenbosch (South African Journal of Science, 25:481).

1930 Pasteur en die Kiemteorie (Hg 08.08.1930:43).

1930 On the cranial characters of the South African Brevicipitid *Phrynomerus bifasciatus* (Quarterly Journal of Microscopical Science, 74:667).

1930 New aspects of Anuran cranial osteology and osteogeny (South African Journal of Science, 27:481).

1930 Die biogenetiese Grondwet [Rede by amptelike opening van die U.S. 1930] (Hg 21.03.193);43).

1931 Ueber den Schädelbau der brevicipitiden Gattung *Anhydrophryne* (Anatomischer Anzeiger 71:331).

1931 The cranial characters of the Brevicipitid genus *Cacosternum* (Quarterly Journal of Microscopical Science, 74:275).

1931 Further notes on the genus Cacosternum, including an account of the cranial anatomy of *Cacosternum namaquense* Werner (South African Journal of Science, 28:378).

1931 Ueber den Schädelbau des *Breviceps fuscus* (Anatomischer Anzeiger 72:164).

1931 Some features of the cranial anatomy of *Hemisus marmoratus* (Anatomischer Anzeiger 71:305).

1932 Ueber das Gehörskelett der aglossen Anuren (Anatomischer Anzeiger 74:33).

1932 Die Skedelmorphologie van *Hyperolius horstockii* as voorbeeld van die Polypedatidae [Saam met G. du Toit] (South African Journal of Science, 24:449).

1933 *Brevicepts* and *Probreviceps:* comparison of the cranial osteology of two closely related Anuran genera (Anatomischer Anzeiger 75:257).

1933 The "tail" of the American Toad *Ascaphus* (Nature:692).

1934 On the morphology of the epipubis, the nobelian bones and the phallic organ of *Ascaphus truei* Stejneger (Anatomischer Anzeiger 78:23).

1934 Some points in the anatomy of *Microbatrachella capensis* (Hewitt) and their bearing upon the question of phylogenetic neoteny (South African Journal of Science, 31:406).

1934 Studies on the cranial anatomy of *Ascaphus truei* Stejneger, the American "Liopelmid" (Bulletin of the Museum of Comparative Zoology, Harvard 77:3).

1934 Die Schädelanatomie der *Rhombophryne testudo* Boettger in Bezug auf ihre Verwandtschaft mit den malagassischen Brevicipitiden (Anatomischer Anzeiger 78:289).

1935 Some aspects of the Amphibian suspensorium, with special reference to the paraquadratomaxillary (Anatomischer Anzeiger 81:225).

1938 A comparison of some cranial features of the East African Gymnophiones *Boulengerulla boulengeri,* Tornier and *Scolecomorphus ulugurensis* Boulenger (Anatomischer Anzeiger 86:1).

1938 Ueber angebliche Streptostylie bei der amerikanischen Urodelengattung *Rhyacotriton* (Vierteljahrschrift der Naturforschenden Gesellschaft in Zürich 38:6).

1938 Ueber die angebliche Streptostylie des *Ambystoma amcrodactylum* (Anatomischer Anzeiger 86:273).

1939 Ueber den Schädel des südafrikanischen schlangenartigen Scinciden *Acontias meleagris* (Anatomischer Anzeiger 88:289).

1940 Comparitive anatomy within the framework of modern Biology (South African Journal of Science, 37:1).

1945 Die begrippe "hoogstaande" en "laagstaande" in die Transformasieleer (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns 5:125).

1946 The Relations of the Vomer and Palatoquadrate Bar to the Cranial Rostrum in the Tinamou (*Crypturellus* species) (Annals of the University of Stellenbosch, Vol. 24, Section A, 1-4:21).

1956 Die Behoud van Geestelike Waardes in Suid-Africa: Die Wetenskap en sy Taak (Tydskrif vir Wetenskap en Kuns 16:126).